**Die Seun: Barmhartige en getroue Hoëpriester**

**Heb 2:17-18**

**20 Maart 2022**

1. Heb 2:14-16 – Die Seun het mens geword om (1) die duiwel te ontwapen, (2) die vrees van gelowiges vir die dood weg te neem, en (3) beslag te lê op die nageslag van Abraham.
2. Die mensheid van die Seun (vers 17a):
    a. Hy word aan Sy broers gelyk – selfs in versoekinge (Heb 4:15)
    b. Maar Hy het nie gesondig nie (Heb 4:15)
3. Die Hoëpriesterskap van die Seun (vers 17b)
    a. Noodsaak vir 'n Hoëpriester: om die skeiding tussen God en mens te oorbrug (1 Tim 6:16 vs Geb 18:27)
    b. Barmhartige Hoëpriester: Hy het empatie met die nood van die gelowiges
    c. Getroue Hoëpriester: Getrou aan die verwagtinge van die Vader om sodoende die heiligheid van God te beskerm
4. Die versoeningsoffer van die Seun (vers 17c)
    a. Heb 2:17, 1 Joh 2:2, 1 Joh 4:10 – versoening (OAV, NAV), atoning sacrifice (onderskrif: to turn God's wrath away) (NIV), propitiation for our sins (ESV)
    b. Rom 5:11 – versoening (OAV, NAV), reconciliation (NIV, ESV)
    c. Reconciliation – hele proses waarin vyandskap met God opgehef word, God se toorn gestil word, vrede met God bewerk word, wat uitloop op ewige saligheid
    d. Propitiation – daardie deel van die versoeningsproses waar God se toorn gestil word
    e. Hoekom moes die Hoëpriester gelyk aan Sy broers wees?
        i. Losser in die Ou Testament was naby familielid (Rut 2:20, 3:12-13)
        ii. Klem op eenheid van Seun met gelowiges (verse 11a, 11b, 12, 13, 14, 16, 18)
        iii. Klem op Seun as Hoof (verse 10, 11, 12, 13, 14-15, 16, 18)
        iv. Die Seun stil God se toorn omdat: (1) Hy een is met gelowiges, (2) Hy hulle Hoof is, (3) Hy hulle sondes Sy eie gemaak het
5. Die hulp van die Seun aan gelowiges in versoekinge (vers 18)
    a. Versoekinge = konstruktiewe toetse (Jak 1:2-4)
    b. Seun het toetse ervaar: bv deur duiwel se versoekinge, Fariseërs se blindheid, dissipels se gebrekkige insig, persoonlike lyding
    c. Seun help gelowiges in hulle toetse:
        i. Hy kan hulle help (vgl Gen 18:4, Num 11:23, Jer 32:27)
        ii. Hy wil hulle help (vgl Mat 14:30-31)
6. Opsommend: Heb 1-2
    a. Die Seun is die ware Profeet
    b. Die Seun is die Opperkoning
    c. Die Seun is waarlik God en mens
    d. Die Seun is die ware Hoëpriester
    e. …...daarom moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het (Heb 2:1)